

7 Januarie

Skrifgedeelte: Nehemia 6:15-7:3

Frustrasie in die hel

Die indruk word soms geskep dat die kerk 'n sukkel bestaan op aarde voer, dat ons eintlik reeds die onderspit gedelf het en net wag op die finale doodsteek. Die indruk word versterk deur al die twis en onsekerheid, die koudheid en louheid. Dit lyk asof Satan heerlik lag vir die koninkryk van God!

Dit is nie waar nie. Daar is vandag frustrasie in die hel. Daar is woede omdat die mure van Gods koninkryk byna voltooi is. Net enkele stene kom nog kort. Die frustrasie word elke dag groter omdat nie een van God se uitverkorenes al oorwin is nie. Nog niemand is al weggeruk uit die hande van God nie.

Die Israeliete het hulle taak voltooi om die muur op te bou, ten spyte van al die teenkanting. Hulle is nie meer die vernederde volk nie. God was getrou, Hy het hulle sterk gemaak en Hy was hulle krag. Wanneer ons as gelowiges aan die mure van God se koninkryk bou, kan ons met sekerheid bou. Dit is nie ons nie, maar Satan wat handewringend staan om nuwe planne teen ons te maak. Sy planne kan egter nooit werk nie, omdat hy teen 'n totale oormag stry.

Wees verseker dat jou naam vandag onder bespreking is in die hel! Satan en sy demone maak planne om jou te stuit en hulle kners op hulle tande oor elke gelowige wat weier om oor te gee. Hulle kyk na jou en hulle onthou dat hulle Christus nie kon keer nie. Hulle omkring jou naam met rooi: "Demone, wees gewaarsku, hierdie man, hierdie vrou, hierdie kind veg met die krag van Hom wat ons daar op Golgota nie kon oorwin nie!"

Veg met sekerheid, want in Christus het ons reeds oorwin.

Ds A Venter (Pretoria-Annlin)